

Dinsdag 14 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 34:12-23

Fokusgedeelte: Psalm 34:12-15

Leer om God reg te dien

Psalm 34:12-15 bevat 'n stuk lewenswysheid. Op grond van sy eie persoonlike ervaring leer die digter ons hoe om die Here te dien en watter wonderlike seëninge die dien van die Here teweegbring.

Alles begin met die vrees van die Here. Dit is om eerbied en ontsag vir die Here te hê en Hom alleen te dien. Dit omvat jou woorde en jou dade. Dit gaan oor wat jy in die gewone daaglikse lewe sê en doen. Dit behels om nie kwaad te praat nie en nie leuens te versprei nie (jou woorde). Dit behels verder om nie kwaad te doen nie (jou dade). Dit behels om goed te doen en vrede na te jaag.

Die weg tot die lewe en om die goeie te geniet, word gevind in die vrees van die Here. Die Here sorg vir die regverdiges en Hy luister na hulle hulpgeroep. Hy tree op teen dié wat kwaaddoen. Die Here is naby dié wat gebroke is en Hy help die moedeloses.

Uit eie ervaring kan ek (en waarskynlik jy ook) getuig dat dit wat die digter hier leer, inderdaad die pad na 'n geseënde lewe saam met God is. Goeddoen is 'n parfuim wat jy nie op ander kan uitstort sonder dat daar 'n paar druppels op jouself ook val nie. As jy kwaadpraat of leuens versprei of kwaaddoen, lei dit tot teenspoed in jou verhouding met ander mense. Dit is nie die pad na 'n geseënde lewe nie.

Goeddoen is deel van die nuwe lewe wat Jesus Christus deur sy opstanding aan ons geskenk het. Hy het vir ons die voorbeeld gestel in goeddoen. Hy het ons kwaaddoen in sy liggaam aan die kruis gedra. Nou kan ons nuut lewe in gehoorsaamheid aan God. Ons kan God reg dien deur 'n lewe van goeddoen.

Sing: Psalm 34-1:6

Ds. JL van der Schyff (Jannie) (Welkom)